PICCOLI

KLEUTERSKOOL | NURSERY SCHOOL

CC 2003/085748/23

Ajaxstraat Plot 34/4,
Olympus Landbouhoewes,
Pretoria

Posbus 39858,
Faerie Glen,
0043

www.piccolinurseryschool.co.za
E-pos: info@piccolinurseryschool.co.za
Sel: 082 353 8748 (Rensché)
Kantoor: 012 999 3016

# ALGEMENE INLIGTING
# &
# REËLS EN REGULASIES
# 2025

# PICCOLI ALGEMENE INLIGTING

Piccoli Kleuterskool bied aan u kind ‘n stimulerende en interessante omgewing wat sorgvrye spel bevorder. U kind se verbeelding word vrye teuels gegee en sodoende word kreatiewe idees, oplossings en benaderings gevorm en bemagtig u kind homself speel-speel. Die speel fase van enige kind se ontwikkeling is van kardinale belang. Die gesindheid en gesag van die ouerhuis word hier uitgebou en aangevul en so word ‘n tweede tuiste vir u kosbaarste besitting geskep waar hy of sy altyd die belangrikste is.

Die kurrikulum wat gevolg word se dagprogram sluit die volgende in:

* Bybelonderrig
* Kuns-en hand aktiwiteite
  Bak en brou, verf, teken en collage
* Omgewingsleer en wêreld-oriëntering
  (Persepsie, kennisuitbreiding)
* Natuur- en belangstellings tafels
  (blomtuin- en groentetuin maak)
* Taalontwikkeling
  (Stories, gedigte, poppespel, tweedetaal)
* Sang, Musiek en Bewegings aktiwiteite
* Roetine-aktiwiteite
  (Aankoms, toilet roetine, opruim, etenstye, rustyd, vertrek)

Die Kleuterskool program is egter nie absoluut of rigied nie en is baie buigbaar om sodoende informele opvoeding op ‘n menslike en persoonlike wyse aan te bied. Piccoli Kleuterskool is ‘n opvoedkundige sentrum wat geregistreer is by die Vereniging vir Voorskoolse Onderwys en Sorg. Die personeel is ervare opgeleide onderwyseresse wat die kinders individuele aandag sal gee in ‘n liefdevolle omgewing.

## 1. TOELATINGSBELEID

- Kinders van 3 maande tot 6 jaar word toegelaat.
- Christelike beginsels word aanvaar en toegepas in die opvoeding van u kind.

## 2. TAALBELEID

- **Die onderrigtaal by Piccoli Kleuterskool is tweetalig (Afrikaans en Engels).**
- **Kinders moet Afrikaans of Engels as huistaal hê om vir toelating by Piccoli oorweeg te word.**

> **MOEDERTAAL** – is die taal wat aangeleer word "aan Moederknie".
> **HUISTAAL** – word beskou as die taal wat tuis gepraat word en dit hoef nie noodwendig die moedertaal te wees nie.
> **ONDERRIGTAAL – is die taal waarin die leerder onderrig ontvang.**

- Piccoli Kleuterskool is 'n geregistreerde opvoedkundige instelling waar ons daarop ingestel is om kinders te help om hul ouderdomspesifieke ontwikkelings mylpale en uitkomste te bereik. Om hierdie rede doen ons deurlopend deeglike assessering met elke kind.
- **Kinders vanaf die ouderdom van 3 jaar moet oor ouderdomsgepaste taalvaardighede in Engels of Afrikaans beskik om toelating tot die skool te verkry.**
- **Dit is die ouer se eie verantwoordelikheid om regstellende stappe te neem, sou die gekose taal nie toepaslik ontwikkel nie**.
- Bewys moet gegee kan word dat addisionele stappe geneem word (bv. spraakterapie) om die kind se taalbegrip en vaardighede te ontwikkel.
- Die skool maak tans slegs voorsiening vir Afrikaans en Engels as onderrigtaal. Hierdie is ter voorbereiding vir die Laerskole in die omgewing waarna die kleuter sal gaan. **Die skool se bestuur se oordeel aangaande 'n kind se taalvaardigheid is deurslag-gewend en finaal vir oorweging vir toelating van die betrokke kind.**

## 3. SKOOLGELDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| **KLEUTERS:** | Voldag | = | R 4 900.00 |
| (2019 – 2021) | Halfdag | = | R 4 800.00 |
| **PEUTERS:** | Voldag | = | R 5 000.00 |
| (2022) | Halfdag | = | R 4 900.00 |
| **BABA'S &** | Voldag | = | R 5 300.00 |
| **"POTTIE TRAINERS":** | Halfdag | = | R 5 200.00 |
| (2023-2025) | | | |

- **Alle skoolgeld (wat jaarliks deur die skool vasgestel word), is maandeliks vooruitbetaalbaar oor 12 maande.**
- 'n Registrasiefooi van **R500 per gesin per jaar** is by registrasie betaalbaar. Bogenoemde bedrag is nie terugbetaalbaar nie.
  (Die bedrag word vir administratiewe fooie aangewend).
- **Skoolgelde moet voor of op die 3de dag van elke maand betaal word.**
- **Indien die skoolgelde teen die einde van die maand nie betaal is nie, sal die kind verdere toegang tot die skool geweier word.**
- **Indien alle skoolgelde nie ten volle vereffen is teen die einde van die jaar nie sal die kleuter sy plek in die skool verbeur vir die daarop volgende jaar.**
- Betalingsbewyse van transaksies wat deur die internet gedoen word, moet binne 24 uur na afhandeling van die oorbetaling aan die skool per epos gestuur word en die oorspronklike dokument moet op aanvraag getoon word.
- Die skoolgeld bly ten volle betaalbaar, selfs al sou die kind om enige rede nie die skool kon bywoon nie.
- **'n Deposito gelykstaande aan een maand se skoolgeld is betaalbaar met toelating. Geen deposito sal terugbetaal word indien u, u kind se bespreekte plek kanselleer nie.**
- **Die deposito dien nie as die eerste maand se skoolgeld nie, maar as voorsiening vir die laaste maand se skoolgeld wanneer u kennis gee dat u kind die skool verlaat.**
- Toegangsbeheer "tags" beskikbaar by die kantoor teen R150 elk.

**NEEM ASB KENNIS:**

- Skoolgelde word maandeliks vooruit betaal en moet teen die 3de van elke maand vereffen word. **Geen aftrekking van fooie sal gegee word vir siekte, vakansies of 'n deel van 'n maand nie.**
- **Die skool het die reg om enige kind wie se skoolgeld nie teen die 7de van elke maand betaal is nie, verdere toegang tot die skool te weier**.

## 4. KLEUTERSKOOLURE

**Maandae tot Vrydae**

- Voldag: 06:45 – 17:30
- Halfdag: 06:45 – 13:30
- **GEEN KINDERS SAL VOOR 06:45 ONTVANG WORD NIE.**
- **Die Kleuterskool is naweke en vakansiedae gesluit asook tydens enkel werksdae wat val tussen 2 vakansiedae.**
- Die Kleuterskool is tydens die Kersseisoen gesluit vanaf die einde van die skoolkwartaal vir ongeveer 4 weke. Die spesifieke datums sal op die jaarprogram verskyn.
- Die Kleuterskool is tydens die wintervakansie vir 1 week gesluit. (Die 2de week in die wintervakansie, sien jaarprogram)
- **Die Kleuterskool sluit tydens die aanvang van die Paasnaweek om 12h00 asook tydens die laaste skooldag van die jaar om 10h00**.
- Indien u kind ontbyt by die skool gaan eet moet die kind teen 08:00 in die klas wees.
- Die Juffrou moet vanaf 08:00 na die kinders omsien en kan nie gedurende hierdie tyd met 'n ouer in gesprek tree nie. Ouers is welkom om in die kantoor te kom gesels oor enige navrae of bekommernis wat hulle dalk mag hê. Alternatiewelik kan 'n afspraak gemaak word met u kind se klas-juffrou vir 07:45 in die oggende of 13:15 in die middae.
- Alle kinders moet by aankoms in die sorg van 'n personeellid gelaat word.
- Indien die kind by die kleuterskool afgehaal word, moet die betrokke onderwyseres of enige ander personeellid op die terrein of in die kantoor daaromtrent ingelig word.
- **Indien skoolure oorskry word sal 'n boete van R300-00 per kwartier (15 minute), of enige gedeelte daarvan, gehef word.**
- **Alle boetes moet in kontant aan die betrokke Piccoli personeellid betaal word teen laatste die volgende dag.**

- Geen kind is verplig om elke dag die klas by te woon nie. Hoewel onnodige onderbreking die opvoedkundige program beïnvloed, is die kleuterskool program buigbaar. Graag wil ons toesien dat die kleuterskool 'n informele karakter behou waar die kind op 'n menslike en persoonlike wyse benader word.
- Kinders moet slegs deur 'n verantwoordelike persoon afgehaal word soos gereël.
- Ons moedig ouers aan om hul kinders spoedig af te laai (GROET EN VERDAAG), en nie onnodige gesprekke aan te gaan nie.
  Hoe langer u huiwer, hoe moeiliker word dit om afskeid te neem en dit ontwrig ook die ander kinders in die klas.

## 5. KENNISGEWING

- Die skool moet voor 09:00 in kennis gestel word, indien die kind vir 'n dag/dae afwesig sal wees.
- **SKRIFTELIKE KENNIS VAN EEN KALENDERMAAND WORD VEREIS INDIEN U KIND DIE SKOOL SOU VERLAAT.**
- Indien daar nie 'n maand kennis gegee is nie moet een volle maand se skoolgeld betaal word.
- **NOVEMBER WORD NIE AS 'N KENNISMAAND GEAG NIE. Die laaste datum waarop kennis van onttrekking dus kan geskied, is op 1 Oktober vir einde van Oktober en 1 November vir einde Desember.**
- Die skool moet in kennis gestel word indien enige omstandighede by die huis of by die skool die kind se gedrag kan beïnvloed.
- Indien u kind 'n arbeidsterapeut, fisioterapeut ens. besoek, moet 'n afskrif van enige sodanige verslae tot die skool se beskikking gestel word vir insae.
- Die skool moet in kennis gestel word indien enige verandering van adres, telefoonnommers of geneesheer sou plaasvind.

## 6. ETENSTYE

Die volgende etes en verversings word bedien.

- Ontbyt: 08:00 -08:15 (Mieliepap, hawermoutpap of matabelapap, sal afgewissel word)
- Verversings: 10:00 (Rooibostee of sap en toebroodjies)
- Middagete: 12:00 (Soos op spyskaart op kennisgewing bord)
- Verversings: 14:30 (Bv. Sap en toebroodjies)

## 7. VORDERINGSVERSLAE

Vorderingsverslae sal twee maal per jaar aan ouers uitgegee word (Junie en Desember).

## 8. MEDIESE VERSORGING

- Personeel aanvaar geen aanspreeklikheid vir die toediening van medikasie, tensy dit duidelik gemerk en in die medisyne bak geplaas is nie (nie in die tas nie).
- Tyd van toediening en hoeveelhede moet in die medisyne-boek in elke klas ingeskryf word.
- Geen vitamien aanvullers, homeopatiese middels en setpille word deur personeel toegedien nie.
- **Antibiotika en ander hoë skedule medikasie moet asb VERKIESLIK, en INDIEN MOONTLIK by die huis toegedien word.**
- **‘n Geldige afskrif van die kind se voorskrif deur ‘n mediese dokter met instruksies vir toediening moet aan die Juffrou deurgegee word indien ‘n chroniese/hoë skedule of voorskrif medikasie toegedien kan word.**
- **Indien die voorskrif verval het moet die ouer ‘n nuwe een verkry en inhandig voordat voorskrif medikasie toegedien kan word.**
- **Oor die toonbank medikasie moet duidelik gemerk wees met die kind se naam op en die medikasie self moet nie verval wees nie.**
- Wanneer die ouers telefonies in kennis gestel word van ‘n siek kind, moet die kind so gou as moontlik afgehaal word.
- Die ouers moet toestemming gee dat, indien een of albei ouers nie bereik kan word nie, Piccoli Kleuterskool of sy gevolmagtigde die volgende mediese besluit(e) mag neem, selfs al het dit finansiële implikasies vir die ouers, ten opsigte van -
  - 8.1 verkryging van mediese hulp of dienste;
  - 8.2 vervoer van die kind na ‘n plek waar mediese hulp en/of dienste beskikbaar is;
  - 8.3 die gee van toestemming vir die toediening van enige medikasie soos deur ‘n geneesheer aanbeveel;
  - 8.4 die verlening van toestemming vir narkose.

- **U word versoek om nie u kind met ‘n aansteeklike kindersiekte of enige ander aansteeklike siekte na die skool te stuur nie. Die betrokke dokter moet asb ‘n brief aan die skool uitreik om aan te dui watter aansteeklike siekte die betrokke kind het. Daarna kan ander ouers in die betrokke klas eers in kennis gestel word.**

- **Geen kind sal tot die skool toegelaat word sonder ‘n dokters brief wat bevestig dat die aansteek tydperk verby is en dat ander kinders nie deur die siekte benadeel sal word nie.**
- **Geen kinders met koors mag by die skool afgelaai word nie.**
- ***“‘n Temperatuur van meer as 38 grade Celsius word as koors geïdentifiseer. Dit dui op ‘n virus- of bakteriële siekte of infeksie” – Baba en Kleuter – Jan 2014***
- **Enige kinders met kopbeserings of koors se ouers sal gekontak word en die kinders moet afgehaal word by die skool.**
- Kleuters met kopluise sal nie in die kleuterskool toegelaat word nie aangesien dit ander kinders mag besmet.

| Oordraagbare siektes | Terugkeer na skool |
|---|---|
| Duitse Masels (Rubella) | 1 week nadat uitslag verskyn |
| Hepatitis A | 7 dae na verskyning van geelsug |
| Kinkhoes | 3-6 weke na aanvang |
| Luisinfestasie | Na algehele reiniging en verwydering van kop, liggaam en klere (nete en luise) |
| Masels | Na die volle periode van siekwees en uitslag verby is |
| Breinvliesontsteking | By voorlegging van ‘n geneeskundige sertifikaat |
| Pampoentjies | Vanaf aanvang van simptome totdat swelling weg is |
| Skabies | 24 uur na behoorlike en effektiewe behandeling |
| Maagkoors/Rota virus | By voorlegging van ‘n geneeskundige sertifikaat of totdat diarree heeltemal opgeklaar het |
| Waterpokkies | Nadat laaste rofies verdwyn het |
| Witseerkeel | By voorlegging van ‘n geneeskundige sertifikaat |
| Diarree met koors | Nadat toestand heeltemal opgeklaar het |
| Ooginfeksies – insluitende “Pink eyes” | Nadat infeksie heeltemal opgeklaar is |
| Hand-voet-mond virus | Nadat blasies opgedroog het |
| Babamasels | Nadat uitslag verdwyn het |
| Sproei | Nadat toestand opgeklaar het |

## 9. ADDISIONELE KLASSE

Die volgende klassies sal deur buite personeel aangebied word na gelang van die belangstelling:

- Ballet
- Playball
- Monkeynastix
- RSD (Rugby)
- Dance Mouse
- EQ4Kids

Just Click (Rekenaar vaardigheid)
Miki Maths geïnkorporeer in die Piccoli kurrikulum
SoccerStrikers (Sokker)
Little Titans (Krieket)

Vir verdere inligting doen asseblief navrae by die kantoor.

## 10. WAT KINDERS MOET SAAMBRING SKOOL TOE

### 10.1. BABAS/PEUTERS

- Twee stelle skoon klere, duidelik gemerk
- ‘n Groot genoeg rugsak of babasak, duidelik gemerk
- Trui of baadjie vir ingeval die weer sou verander
- Plastieksak vir vuil klere
- Vyf (5) weggooidoeke
- Boudjiesalf
- Genoeg bottels vir die dag, duidelik gemerk
- Hareborsel, duidelik gemerk
- Laphoedjie, duidelik gemerk
- Sonblok, duidelik gemerk
- Kombersie en kussing, duidelik gemerk
- “Baby Wipes”

### 10.2. KLEUTERS

- ‘n Groot genoeg tas of rugsak, duidelik gemerk
- Een stel skoon klere, duidelik gemerk.
- Trui of baadjie vir ingeval die weer sou verander.
- Hareborsel, duidelik gemerk
- Laphoedjie, duidelik gemerk
- Kombersie, duidelik gemerk
- Sonblok, duidelik gemerk

## 11. ALGEMEEN

- Geen eetgoed mag na die skool gebring word nie.
- Indien die kind verjaar of die skool verlaat moet vooraf toestemming verkry word om lekkernye klas toe te bring.
- Geen speelgoed mag saamgebring word skool toe nie, tensy ‘n onderwyseres ‘n spesiale versoek in die verband rig.
- Indien daar enige van die skool se speelgoed by u huis ontdek word, moet dit asseblief teruggebring word na die skool.
- Alle verlore goedere sal by die skool bewaar word vir identifisering en opvraging.
- Alle besittings (klere, skoene, ens.) moet duidelik gemerk wees.
- Vrydae is amptelike “Bak en brou” by die skool.
- Slegs een kind op ‘n keer mag die kleedkamer tydens klas-ure besoek.
- Geen spelery of kattekwaad word in die toilette toegelaat nie.
- Geen vuil taal word toegelaat nie.
- Ons versoek graag dat ouers die vertroulikheid van ander sal respekteer (moet asb nie ander kinders, ouers of personeel bespreek nie).
- Dit is ontsaglik ontstellend indien jou kind ‘n ander kleuter gebyt het of indien jou eie kind self gebyt is. Ons vra u vriendelik om wanneer u dit met die betrokke personeel bespreek, u dit op ‘n respekvolle manier sal doen. Die sleutel tot ‘n einde aan hierdie uitdagende optrede is ‘n vennootskapsbenadering. Hou asb in gedagte dat alle jong kinders potensiële byters is.
- Indien u enige gedagte of klagte wil deel, praat asseblief met die skoolhoof. Indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie, stel gerus die kantoor skriftelik in kennis.

## 12. VEILIGHEID

- Piccoli kleuterskool is omring met ‘n elektriese heining.
- Die hekke sal met ‘n interkomstelsel werk.
- Moet asseblief nie die hoofingang na die skool blokkeer wanneer u kinders op- of aflaai nie.
- **Daar is kinders op die terrein, ry asseblief versigtig wanneer u by die hek inkom. Hou asseblief die kinders se handjie vas op die parkeer-terrein, aangesien dit gevaarlik kan wees tussen die motors en die elektriese heining.**
- **Indien enige ander persoon deur die ouers gemagtig word om kinders by die skool af te haal, moet die ouers ‘n formele reëling telefonies of via epos met die kantoor tref.**
- Enige besoeker moet eers by die kantoor aanmeld.
- <u>**Hou asseblief alle deure en hekke toe en moet nooit vreemde kinders sonder hulle ouers se toesig saam met u uitlaat nie.**</u>
- Moet asb nie vir ander ouers of besoekers (wat nie “tags” het nie) die hek oopmaak of oophou nie.
  <u>**Indien ‘n kind deur iemand anders as die volwassenes wie “tags” het, afgehaal word is die prosedure soos volg:**</u>
- Skriftelike toestemming deur ouer, moet by die kantoor of betrokke personeellid ingehandig word. Wanneer toestemming per e-pos gestuur word, moet dit ook telefonies bevestig word.
- Moet asb nie briewe in kinders se tasse sit nie.
- Inligting benodig:
    - Naam en klas van kind wat afgehaal word.
    - Naam, van en ID nommer van persoon wat die kind kom afhaal.
    - Datum en tyd wanneer kind afgehaal word.

- Wanneer kind afgehaal word:
    - Persoon moet sy/haar ID dokument toon aan betrokke personeellid.

- As gevolg van bogenoemde prosedure, mag geen minderjarige kind ‘n kleuter kom afhaal nie.
- Daar is ‘n klokkie met ‘n interkom en kamera by die ingang.
  Die kantoor (tot en met 15:00) en middag personeel (na 15:00) sal vir besoekers kan oopmaak.
- Piccoli is ook geregistreer by Brinant Sekuriteit (086 117 4343) en ons het ‘n sekuriteitswag 24uur per dag tot ons beskikking oorkant die pad van ons ingang.

## 13. SOSIALE MEDIA

Die doel van Piccoli Kleuterskool se Facebook en Instagram blad is om die kommunikasie met ouers, personeel en vriende uit te brei en aktiwiteite wat by die Skool plaasvind te deel.
Enige menings en kommentare wat deur gebruikers en die aanlyn gemeenskap op die Skool se sosiale media platforms, insluitende die Facebook en Instagram blad gemaak word, is die menings en kommentare van die gebruikers self en reflekteer nie noodwendig die siening van die Skool, die personeel of die eienaars nie.

**Alle Facebook en Instagram gebruikers is persoonlik verantwoordelik vir die inhoud van hulle plasings en die Skool, personeel of eienaars is nie verantwoordelik vir die inhoud daarvan nie.**

Dit word van gebruikers verwag om respekvol, beleefd en op 'n professionele manier te kommunikeer. Enige onvanpaste kommentaar, insluitend maar nie beperk tot negatiewe, diskriminerende, teisteringe, kru taal, rassistiese of beledigende kommentaar teenoor die Skool, sy leerders, personeel, eienaars of ouergemeenskap, is ontoelaatbaar en die Skool behou die reg voor om op eie diskresie sulke kommentaar van die blad te verwyder. Die voorafgaande sluit ook plasings in wat nie met die visie en missie van die Skool verband hou nie. **Gebruikers wat hulle aan die voormelde oortredings skuldig maak, kan strafregtelik vervolg word.**

Alhoewel die Skool alle redelike pogings aanwend om die inhoud van die Facebook blad te monitor, word nie alle plasings noodwendig gemonitor nie en kan die Skool nie altyd dadelik reageer op die aanlyn versoek om inligting of om ongewensde plasings dadelik te verwyder nie.

**Indien u enige probleem of klagtes het word daar van u verwag om dit persoonlik met die hoof of personeel op te neem en nie sosiale media bv. Facebook, Instagram, Twitter, WhatsApp, Telegram en TikTok te gebruik as 'n manier om klagtes aan te spreek nie.**
Deur plasings op sosiale media en die Skool se sosiale media platforms te maak, aanvaar die gebruiker dat die inligting aan die algemene publiek beskikbaar is en dat ander gebruikers hierdie inligting buite die beheer van die Skool kan gebruik.
**Indien jy nie wil hê dat die inligting wat jy beplan om op sosiale media te plaas, deur ander gebruikers gebruik, gepubliseer, gekopieer of uitgedruk mag word nie, moet asb dan nie enige plasings op sosiale media maak nie.**

## 14. VRYWARING EN AANSPREEKLIKEID

Alle voorsorgmaatreëls word getref om die veiligheid van die kinders te verseker.

Die eienaars van die skool en personeel aanvaar geen verantwoordelikheid vir:

- Enige skade wat mag voortspruit uit liggaamlike beserings van u of u kind nie.
- Enige verlies van of skade aan persoonlike eiendom van u of u kind nie.
- Indien daar enige 3de party eis voortspruit uit enige moontlike ongelukke, sal die werknemer wat namens die skool optree, nie vir die koste van sodanige eis aanspreeklik gehou word nie.
- Enige persoon wat die skoolgrond betree doen dit op hulle eie risiko.
- Parkering en inrit word op eie risiko gebruik en die skool en personeel aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of insidente nie.

## 15. ROOK

Piccoli Kleuterskool is ‘n rookvrye area. In terme van die Wet op Beheer van Tabak Produkte word rook nie toegelaat op die skoolterrein nie.

**REG VAN TOEGANG WORD VOORBEHOU**

PICCOLI

KLEUTERSKOOL | NURSERY SCHOOL